higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T860(**A**)(M27)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N2

(4110022)

27 Maart 2018 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INDUSTRIËLE ORIËNTERING N2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die bladsye volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Trek ná elke onderafdeling 'n streep oor die bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verduidelik die verskil tussen nasionale produkte en nasionale inkomste. (2 × 2) (4)

1.2 Definieer die term *kosprys*. (2)

1.3 As mens iets by enige winkel koop, moet hulle jou 'n kwitansie gee.

Noem SES items wat op 'n kwitansie moet verskyn. (6)

1.4 Sê waarvoor die afkorting *OTM* staan. (1)
[13]

VRAAG 2

2.1 Noem VIER struikelblokke wat in groot ondernemings kan voorkom. (4)

2.2 Toesighouers is belangrike persone in maatskappye. Hulle moet die beheer oorneem van verskeie projekte en leiding gee wanneer hulle gevra word.

Noem VIER situasies waarin 'n toesighouer 'n goeie voorbeeld stel. (4)

2.3 Noem VIER struikelblokke vir kommunikasie in groot maatskappye. (4)

2.4 Noem DRIE voordele van 'n organogram in enige organisasie. (3)

2.5 Verduidelik kortliks hoe beplanning in klein maatskappye gedoen word. (3 × 1) (3)

2.6 Verduidelik die uitwerking wat 'n goeie sakeklimaat op die gemeenskap het. (4)
(4 × 1) **[22]**

VRAAG 3

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf in die ANTWOORDBOEK slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10).

3.1.1 Werknemers moet by die werk effektief met mekaar kommunikeer om 'n gesonde werkverhouding te handhaaf.

3.1.2 Spanleiers en toesighouers moet elke oggend met hulle span vergadering hou.

3.1.3 'n Gedeelde probleem is 'n halwe probleem.

3.1.4 Werkers kan met aansporings gemotiveer word om hulle beste te lewer.

3.1.5 Mens moet leer om iemand wat by die werk buitegewoon goed presteer of beter as jyself presteer, die eer daarvoor te gee.

Kopiereg voorbehou

3.1.6 Deur hulle te ontmoedig wek of handhaaf toesighouers die begeerte by hulle werkers om hulle werk doeltreffend te doen.

3.1.7 Dit is onverstandig om vriende te maak met werkers van 'n ander span.

3.1.8 Voortrekkery sal nie die verhouding tussen 'n hoof en sy ondergeskiktes versuur nie.

3.1.9 Dit is nie noodwendig belangrik om op die positiewe aspekte van 'n werker te let nie, veral nie as mens sy of haar toesighouer is nie.

3.1.10 Jaloesie bevorder eensgesindheid onder individue met verskillende vaardighede, vermoëns, ingesteldhede en persoonlikhede.

(10 × 1) (10)

3.2 Noem VIER misdrywe wat tot die onmiddellike ontslag van 'n werknemer kan lei. (4)

3.3 Noem VYF redes waarom daar in klein ondernemings minder verstande tussen werkers is as in groot ondernemings. (5)

3.4 Noem VIER spesifieke pligte wat bestuurders van werkers verwag. (4)

3.5 Definieer die term *gedrag* kortliks. (2)

[25]

VRAAG 4

4.1 Verskeie faktore wat tot ongelukke lei, word hier onder genoem.

Skryf hierdie faktore in die regte volgorde langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK oor.

- Besering
- Ongelukke
- Sosiale omgewing
- Menslike tekortkomings
- Onveilige toestande (5 × 1) (5)

4.2 Noem die doel van die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -Siektes. (5 × 1) (5)

4.3 Noem VYF tipiese voorbeelde van swak huishouding. (5)

4.4 4.4.1 Noem VYF tipiese voorbeelde van onveilige handelinge.

4.4.2 Noem VYF tipiese voorbeelde van onveilige toestande.

(2 × 5) (10)

[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Noem TWEE situasies waarin werkers se griewe tot 'n staking kan lei. (2)

5.2 Wat verstaan jy onder *arbeidsmakelaars*? (2)

5.3 Sê waarvoor die afkorting COSATU staan. (1)
[5]

VRAAG 6

6.1 Gee EEN woord of term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings. Skryf in die ANTWOORDBOEK slegs die woord of term langs die vraagnommer (6.1–6.10) neer.

verspreidingsbestuurder; 55 jaar; besturende direkteur; kleinhandelbestuurder; staking; 65 jaar; kliëntediensafdeling; Baslow se behoeftes; garansie; waarborg; Maslow se behoeftes; uitsluiting; brandblussers; beenskutte; veiligheidskoene; telefone; respirators

6.1 'n Ooreenkoms waarin die vervaardiger onderneem om 'n produk te herstel of te vervang as dit binne 'n sekere tyd onklaar raak

6.2 'n Versekeringspolis wat die produk verseker nadat die vervaardiger se tyd verstryk het

6.3 Verantwoordelik vir kliënte se klagtes

6.4 Verantwoordelik vir die beweging van goedere na en vanuit 'n pakhuis

6.5 Die aftreeouderdom in Suid-Afrika

6.6 Fisiologiese, veiligheids-, sosiale, agting- en selfvervullingsbehoeftes

6.7 Hulle moet hoog genoeg wees sodat alle werknemers hulle raaksien

6.8 Beskermende kleding vir 'n mens se bene

6.9 Die spontane en tydelike onttrekking van arbeiders uit produksie weens hulle griewe

6.10 As werkers en hulle werkgewer nie tot 'n vergelyk kan kom nie, en die fabriek gesluit word totdat hulle 'n ooreenkoms sluit.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou